Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 30 MEI 2018 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Bess, D G (DA)
Bekebu, Z (ANC)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie
GOP/PEO Beampte, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker rig 'n woord van verwelkoming aan die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede, amptenare, die media en lede van die publiek.

Die Speaker verwelkom Pastoor Andrew Mesani van die Volle Evangelie Kerk, Wesbank en versoek lg. om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Mei verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle F S Humphreys en L E Mfutwana.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 26 APRIL 2018

Besluit/...

4.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 April 2018 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word, onderhewig aan die regstelling van rdl Fortuin se voorletters en die korrekte Afrikaanse-benaming van die *MPAC*-komitee, naamlik die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

5.1 NOTULE VAN ’N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 18 APRIL 2018

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN ‘N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 8 MAART 2018

6.2 NOTULE VAN ’N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 9 APRIL 2018

6.3 NOTULE VAN ‘N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 18 APRIL 2018

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 EERSTE HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, om die eerste hersiening van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) ter tafel te lê.

Algemene inligting word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgelê insake die vordering wat Swartland Munisipaliteit gemaak het, met verwysing na die Finansiële Volhoubaarheidsindeks van *Ratings Africa*, om een van die leier munisipaliteite in Suid-Afrika te word.

Die Uitvoerende Burgemeester gaan voort om die wysigings aan die 2017-2022 GOP sedert Mei 2017 te bespreek wat die hersiening genoodsaak het. Die Hoofsweep van die ANC, rdl D B Philander, word bedank vir hul insette op die GOP wat tydens die publieke deelnameproses gelewer is. Die insette sowel as reaksie daarop word voortaan deur die Uitvoerende Burgemeester voorgelê. Dit word beklemtoon dat die GOP geag moet word as ‘n strategiese dokument wat riglyne neerlê vir verdere beleidsontwikkelings en kan nie gedetailleerde programme akkommodeer nie.

‘n Geleentheid word deur die Speaker toegelaat vir raadslede om op die voorlegging deur die Uitvoerende Burgemeester te reageer.

Rdl D B Philander beklemtoon die noodsaaklikheid om die ongelykhede van die verlede, en ook dié in die Swartland reg te stel, soos beklemtoon in ‘n toespraak gelewer op Vryheidsdag deur die DA-leier, mnr Mmusi Maimane en voorgehou deur rdl Philander.

7.1/...

Lg. neem kennis dat die insette van die ANC as aanhangsel hanteer word en spreek sy kommer uit dat Swartland Munisipaliteit nie ‘n duidelike wegbreek toon vanaf die ruimtelike ontwikkelingsriglyne van die Apartheidsera nie. Rdl Philander spreek verder sy kommer uit dat geen aksies voortspruitend uit die insette van die ANC geneem sal word nie.

Die Speaker versoek rdl Philander om enige rassevraagstukke en verwysings na die Apartheidsera uit sy toespraak weg te laat.

Rdl C B Fortuin, op ‘n punt van orde, noem dat die toespraak van die DA-leier, mnr Maimane, binne ‘n sekere konteks plaasgevind het en dat dit nie buite konteks aangehaal behoort te word nie.

Die Speaker verleen toestemming, na die punt van orde, dat rdl Philander voortgaan met sy voorlegging.

Rdl Philander spreek verder sy kommer uit dat Swartland Munisipaliteit nie erns maak met die opheffing van voorheen benadeelde groepe nie, onder andere die indiensneming van vroue, akkommodering van gestremdes met verwysing na die toeganklikheid van munisipale geboue en bystand aan opkomende boere om grond te verkry. Rdl Philander versoek dat ‘n ondersoek geloods word na ongespandeerde behuisingsfondse deur die betrokke Provinsiale Departement, sowel as die kontrak met ASLA omrede die HOP-huise in Moorreesburg dringende opgradering benodig.

Rdl O M Stemele noem – namens die DA in reaksie op die voorlegging deur die Uitvoerende Burgemeester – dat die erkenning van al die rolspelers se insette tot die GOP ‘n aanduiding is dat Swartland Munisipaliteit die demokratiese praktyke van die Regering van Suid-Afrika ondersteun.

Die Uitvoerende Burgemeester reageer op die voorlegging deur die ANC en moet dat 70% van die kapitaal- en bedryfsbegroting aangewend word om agterstande in die gemeenskappe uit te wis, ‘n sogenaamde “pro-poor” begroting.

Die aangeleentheid word deur die Speaker tot stemming gebring, en word (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 16 DA-raadslede wat ten gunste daarvan stem, en vyf ANC-raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

Dat die eerste hersiening van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die hersiene areaplanne, goedgekeur word.

7.2 GOEDKEURING VAN DIE 2018/2019, 2019/2020 EN 2020/2021 MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGSVERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS (5/1/1/1-2018/2019, 5/1/1/2-2018/2019 EN 5/1/4)

Die Uitvoerende Burgemeester, op versoek van die Speaker, lê die item ter tafel en beklemtoon sekere aspekte uit die verslag.

Die beginsels ingevolge die Nasionale Tesourie se Begrotingsomsendbrief, Nr 91 wat breedvoerig in die verslag toegelig word, word behandel met spesifieke verwysing na die afname in Swartland Munisipaliteit se Munisipale Infrastruktuur (MIG)-toekenning met R4 115 miljoen oor die MTREF (meerjarige begrotingstermyn) wat min of meer in ooreenstemming is met die landswye verlagings as ‘n direkte gevolg van die tekort in die nasionale fiskus.

Die Uitvoerende Burgemeester behandel die kommentaar en aksies voortspruitend uit die insette ontvang vanaf die Yzerfontein Inwonersvereniging vir oorweging deur die Raad. Die implementering van vlak 5 tariewe as gevolg van die droogte word spesifiek vermeld.

Die Munisipale Bestuurder/...

7.2/...

Die Munisipale Bestuurder gee verder toeligting aangaande voormelde aangeleentheid en noem dat aansoek ingevolge Artikel 170 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuurs, 2003 (MFMA) gedoen is om vrygestel te word van Artikel 28(6) van genoemde Wet. Uit gesprekke met die Provinsiale Tesourier en die Departement van Plaaslike Regering, asook vergaderings met die Departement van Rampbestuur aangaande die droogte, is daar voorgestel om 'n oorkoepelende benadering ("umbrella approach") te volg om alle geaffekteerde munisipaliteite by die aansoek om vrystelling in te sluit. In die vrystellingskennisgewing word slegs die name van Knysna, Bitou, Drakenstein, Saldanha en Stad Kaapstad munisipaliteite genoem, met die gevolg dat Swartland en Bergrivier verkeerdelik uitgelaat is. Swartland Munisipaliteit is in proses om die aangeleentheid te ondersoek, maar blyk die enigste remedie te wees om 'n interregeringsdispuut te verklaar wat dan die betrokke Nasionale en Provinsiale departemente sal noodsaak om met Swartland Munisipaliteit te beraadslaag.

Die Uitvoerende Burgemeester gaan voort om die wysigings sedert Maart 2018 te behandel, asook die aanbevelings aan die Raad.

Die Speaker gee geleentheid aan raadslede om repliek te lewer op die begrotingsrede van die Uitvoerende Burgemeester, en noem rdl D B Philander (namens die ANC) dat salarisverhogings van die armste van die armes nie in pas is met tariefverhogings nie. Gevolglik kan inwoners nie meer die munisipale rekening bekostig nie en gaan die tariefverhogings lei tot groter armoede in die gemeenskap. Rdl Philander, soos in die verlede, noem dat die 6kl gratis water aan 'n huishouding toegewys word waar soms meer as een huisgesin woonagtig is, en daar dus nie voldoende gratis water aan die armste van die armes beskikbaar gestel word nie.

Rdl Philander noem dat die ANC hul vertroue in die Munisipaliteit verloor het aangesien daar slegs kennis geneem word van insette wat ontvang word en dat daar geen vordering getoon word nie.

Die Speaker, met verwysing na die salarisaanpassings van die bestuurspan, versoek dat 'n ondersoek vir die res van die organisasie gedoen word om te bepaal of amptenare die korrekte vergoeding ontvang.

Rdl O M Stemele, namens die DA, wens die leierskap geluk met die opstel van 'n begroting in uitdagende ekonomiese omstandighede. Rdl Stemele noem verder dat die sukses van 'n organisasie grotendeels toegeskryf kan word aan die vaardighede van sy leierskap en daarom is dit belangrik, met verwysing na die salarisaanpassings en bo-perke kennisgewing, dat die Munisipaliteit kompeterend met die privaatsektor moet bly om 'n stabiele werksmag te verseker.

Die goedkeuring van die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings, gewysigde begrotingsverwante beleide, heffing van eiendomsbelasting, tariewe en ander heffings vir 2018/2019, 2019/2020 en 2020/2021 word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met 16 DA-raadslede ten gunste daarvan, en vyf ANC-raadslede daarteen.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die insette ontvang vanaf die Yzerfontein Inwonersvereniging, soos deur die Uitvoerende Burgemeester behandel (verwys Aanhangsel D) soos toegelaat word ingevolge Artikel 23 van die MFMA insover die insette betrekking het op die 2018/2019 Meerjarige Begroting;

(b) Dat die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2018/2019 – 2020/2021 finansiële jare goedgekeur word as finaal:

Tabel/…

7.2/…

	Oorspronklike Begroting 2017/2018	**Aansuiwerings-begroting 2017/2018**	**Oorspronklike Begroting 2018/2019**	**Oorspronklike Begroting 2019/2020**	**Oorspronklike Begroting 2020/2021**
Kapitaalbegroting	R 81 242 586	R 110 073 122	R 87 245 909	R 97 544 038	R 123 974 860
Bedryfsuitgawes	R 664 697 875	R 668 442 676	R 698 278 426	R 711 223 093	R 730 314 794
Bedryfsinkomste	R 695 180694	R 741 252 229	R 746 205 036	R 792 475 517	R 831 670 644
Begrote (Surplus)/ Tekort	(R 30 482 818)	(R 72 809 553)	(R 47 926 610)	(R 81 252 425)	(R 101 355 849)
Minus Kapitaal Toekennings	R 35 075 916	R 61 390 842	R 36 975 000	R 42 261 000	R 42 685 000
(Surplus)/ Tekort	(R 4 593 098)	(R 11 418 711)	(R 10 951 610)	(R 38 991 425)	(R 58 670 849)

Nota: Die 2019/20 and 2020/21 Inkomste begrotings sluit Provinsiale toekennings in waarvoor nog geen uitgawe projekte gefinaliseer is nie. (**2019/20** sluit in R23 780 miljoen Dep Nedersettings befondsing en **2020/21** sluit in R24 800 miljoen Dep Nedersettings befondsing)

(c) Dat die Raad die eindomsbelastingstariewe, tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2018/19– 2020/21 Final Budget and Tariff File)** goedgekeur as finaal;

(d) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure B: Budget Report and A-Schedules 2018/19– 2020/21)**, goedgekeur word as finaal;

(e) Dat die Raad die elektrisiteitstariewe van 6.8% vir die 2018/2019 finansiële jaar goedkeur, met inagneming daarvan dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;

(f) Dat die wysigings aan die begrotingsverwante beleide soos vervat in **(Annexure C: Budget Related Policies 2018/19)**, goedgekeur word;

(g) Dat daar kennis geneem word dat die opleidingsbegroting beperk is tot 0.83% van die salarisbegroting ten bedrae van R1 731 293 vir die finansiële jaar;

(h) Dat die Raad kennis neem en goedkeuring verleen vir die volgende verhogings naamlik:

(i) Ten opsigte van alle personeel, uitgesluit die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings, 'n verhoging van 7% vir 2018/2019; 7% vir die 2019/2020 en 2020/21 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2.5% kerfverhoging. Voormelde is nieteenstaande die feit dat die Munisipaliteit 'n mandaat aan SALGA op die mandaatvergadering van 4 Mei 2018 gelewer het om verhogings met in ag neming van die hoofinflasie op ongeveer 5.3% te hou;

(ii) Ten opsigte van die Munisipale Bestuurder, 2.5% per dienskontrak of die hoër persentasie sou die vasstelling ingevolge die bo-perke hoër is as die pakket wat ingevolge die dienskontrak bepaal word;

(iii) Ten opsigte van die Direkteur: Finansiële Dienste, 0%, en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste beperk tot die Bo-perke bepaling wat tans 5.3% is soos bepaal deur die konsep Bo-perke kennisgewing;

(iv) Dat ‘n mandaat aan die Munisipale Bestuurder verleen word om met die formaliteite te handel rakende die aansoek om kwytskelding na COGTA vir die Direkteur: Finansiële Dienste en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste;

7.2(h)/...

(v) Ten opsigte van die ander vier artikel 56-aanstellings, te wete die Direkteur: Beskermingsdienste (DB), Direkteur: Ontwikkelingsdienste (DO), Direkteur: Elektriese Dienste (DE) en die Direkteur: Korporatiewe Dienste (DK) ‘n verhoging van 7% met ingang van 1 Julie 2018 en dat laasgenoemde (wat nie onder die bo-perk bedeling aangestel is nie) se basis van vergoeding gelyk gestel word aan eersgenoemde drie terugwerkend vanaf 1 Julie 2017;

(vi) Dat daar kennis geneem en goedkeuring verleen word dat die dienskontrak van die DE, DO, DB en DK met die posbekleërs se instemming gewysig word – by wyse van ‘n addendum – om die bepaling wat handel oor die salarisaanpassings wat deur ‘n professionele vergoedingskonsultant (*Work Dynamics*) jaarliks gedoen moet word te vervang om die salarisaanpassings gelyk te stel aan die aanpassing van die res van die personeel wat op Bedingingsraadvlak bepaal word;

(vii) Dat daar kennis geneem word dat een van die bydraende faktore tot Swartland Munisipaliteit se sukses, die feit is dat Swartland Munisipaliteit nog nooit prestasiebonusse betaal het nie, welke stelsel die volgende voordele gehad het, synde –

- innoverende doelwitte, indikatore en teikens;
- om die regte kontroles in plek te stel;
- die prestasiebestuurstelsel uit te brei na alle middelvlakbestuurders;
- om die munisipaliteit van ‘n goeie munisipaliteit na ‘n uitnemende munisipaliteit te neem en dat die posbekleërs – soos die res van die personeel – ‘n 13de tjek, oftewel 8% ontvang het;

(viii) Dat daar kennis geneem word dat die Bo-perk Kennisgewing erkenning verleen aan die betaling van prestasiebonusse tot seveel as 14% en dat goedkeuring verleen word – weens die Bo-perk bedeling wat aanleiding gee tot ongelyke beregtiging – die personeel wat hierdeur geraak word synde die Direkteur: Finansiële Dienste, die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Munisipale Bestuurder, dieselfde 13de tjek bedeling (beperk tot 8,33% - soortgelyk aan pre 2014 aanstellings) ontvang in die plek van ‘n prestasiebonus-stelsel, onderhewig daaraan dat die Munisipale Bestuurder regsadvies inwin aangaande die hantering daarvan;

(ix) Voorsiening is gemaak vir 'n 6% verhoging vir politieke ampsdraers wat val binne die boonste band van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB);

(i) Dat die afslag aan gestremde persone en senior burgers soos omskryf word in die Eiendomsbelastingbeleid; beperk word tot 'n maksimum van R300 000 vir die 2019/20 finansiële jaar;

(j) Dat die raad goedkeuring gee en kennis neem van die oorname van die waterbates vanaf die Distrik gebaseer op 'n funksionele verdeling (waarde van bates word tans gefinaliseer word) en eksterne lenings van die Distrik wat gekoppel is aan die voorgenome ter waarde van sowat R 24, 4 miljoen waarvan die lenings se vereffeningsdatums vanaf 30-06-2020 tot 31-12-2022 is en dat die rente gedeeltes in die finale begroting oor die MTREF geïnkorporeer is sonder enige impak op watertariewe of heffings binne of buite die MTREF want dieselfde was en is tans in Swartland Munisipaliteit se grootmaatwaterheffings van die WCDM ingesluit en sal nie deel vorm daarvan met effek vanaf 1 Julie 2018 en dat dieselfde deelvorm van die publieke deelnameproses ondanks die feit dat geen nuwe lenings opgeneem sal word met die oordrag van hierdie bates nie.

(k) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die pogings om die totale verhoging in uitgawes tot slegs **4.5%** (ingesluit bedryfstoekenning uitgawes) vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar te beperk, groei in inkomste van slegs **0.7%** (**4.3%** kapitale toekennings uitgesluit) in hierdie moeilike ekonomiese omstandighede vir dieselfde periode, sowel as die kontantvloei-staat vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare en meer spesifiek die vordering in hierdie verband;

7.2(k)/...

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **7.4 maande** vir 2018/2019; **7.8 maande** vir 2019/2020 en **7.9 maande** vir 2020/2021;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2018/2019 'n bedrag van **R 47 926 610**; 2019/2020 'n bedrag van **R 81 252 425** en 2020/2021 'n bedrag van **R 101 355 849 (kapitale toekennings ingesluit)**;

(l) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(m) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.2 soos vereis deur Nasionale Tesourie (meer besonderhede in Begrotingsverslag).

7.3 HERSIENING VAN DIE LANGTERMYN FINANSIëLE PLAN (2/1/4/4/1)

Die Langtermyn Finansiële Plan is 'n kern element van die GOP en moet ingevolge die Munisipale Beplanning- en Prestasiebestuursregulasies van 2001 uit verskeie komponente bestaan, ondere andere:

- Begrotingsprojeksies vir ten minste die volgende drie jaar;
- Finansiële hulpbronne vir finansiering van die kapitaalbegroting en bedryfsuitgawes;
- Finansiële strategie.

Verder bepaal Artikel 215 van die Grondwet van Suid-Afrika dat munisipale begrotings en begrotingsprosesse deursigtigheid, verantwoordingspligtigheid en die doeltreffende finansiële bestuur van die ekonomie, skuld en die openbare sektor moet bevorder. Die opgradering van die Langtermyn Finansiële Plan is dus noodsaaklik om aan hierdie grondwetlike verpligting teenoor die gemeenskap van Swartland te voldoen.

Die eerste hersiening van die GOP noodsaak ook die hersiening van die aangehegte Langtermyn Finansiële Plan.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die hersiening van die Langtermyn Finansiële Plan goedgekeur word.

7.4 WYSIGING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Die Voorsieningkanaalbestuursbeleid is na aanvaarding deur die Raad op 1 Januarie 2006 geïmplementeer. Die beleid moet jaarliks hersien word ten einde te bepaal of daar enige wysigings nodig is.

Die gewysigde Voorsieningkanaalbestuursbeleid is met die sakelys gesirkuleer. Die wysigings handel hoofsaaklik met prosesse wat gevolg moet word wanneer 'n afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 36 oorweeg word.

Die Speaker, op 'n navraag deur Rdl D B Philander aangaande die aanstelling van ASLA, versoek die Direkteur: Ontwikkelingsdienste om 'n vergadering met rdl D B Philander te belê ten einde onduidelikhede uit te klaar.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die voorgestelde wysigings van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid (Aanhangsel A) met onmiddellike effek goedgekeur word.

7.5 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselswet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies moet ontwikkeling en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

7.5/...

Die aanhangsel tot die sakelys behels die tweede hersiening van die Stelsel van Delegasies.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

(a) Dat die Stelsel van Delegasie (2de hersiening) goedgekeur word soos per Aanhangsel A tot die verslag;

(b) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die munisipale bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasies.

7.6 AANBEVELING TER WYSIGING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET VERWYSING NA WYSIGINGS AAN KORPORATIEWE DIENSTE EN SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (2/3)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van 'n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur word volledig toegelig in die verslag tot die sakelys.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die Raad, met in ag neming van die aanbevelings van die Plaaslike Arbeidsforum en die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, die volle organisatoriese struktuur goedkeur, met in ag neming van die wysigings van die organisatoriese struktuur ten opsigte van Korporatiewe Dienste en Siviele Ingenieursdienste vir implementering met ingang van 1 Julie 2018.

7.7 (1) RAPPORTERING VAN ARTIKEL 56 VAKATURE: MNR J T STEENKAMP; (2) VUL VAN POS VAN ARTIKEL 56 BESTUURSPOSISIE: DIREKTEUR: ONTWIKKELINGSDIENSTE; (3) AANSTELLING VAN KEURINGSPANEEL (4/3/B, 4/3/1)

Die verslag voor die Raad het ten doel om die Raad in te lig aangaande die vakature wat gaan onstaan met die aftrede van mnr J T Steenkamp einde Desember 2018 en om ingevolge Artikel 56 van die Stelselswet, 2000 die prosesplan aan die Raad voor te hou insake die vulling van die vakature.

Op navraag van die ANC, bevestig die Uitvoerende Burgemeester dat die pos ingevolge voormelde wetgewing nasionaal geadverteer moet word ten einde 'n geskikte kandidaat aan te stel.

Rdl D B Philander, namens die ANC, versoek dat die geleentheid gebruik word om gelyke indiensneming na te streef en word die aanstelling van 'n swart vrou aangemoedig.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat daar kennis geneem word van die vakature wat gaan ontstaan in die pos van Direkteur: Ontwikkelingsdienste met die aftrede van mnr Johan Steenkamp einde Desember 2018;

(b) Dat die Raad goedkeuring verleen en bevestig dat die makro personeelstruktuur soos aangetoon op die goedgekeurde organisasiestruktuur, in ooreenstemming is met die GOP en dat die pos van Direkteur: Ontwikkelingsdienste relevant is en benodig word ten einde die strategiese doelwitte van die GOP te bereik;

(c) Dat die Raad verder goedkeuring verleen dat die pos van Direkteur: Ontwikkelingsdienste gevul word deur die advertering van die pos in ooreenstemming met die aangehegte advertensie en die regulasies;

7.7/...

(d) Dat die pos gevul word op ‘n allesinsluitende “koste-vir-maatskappy” pakket in ooreenstemming met die bepalings van die bo-perk (“upper limits”) vir Senior Bestuurders, ingevolge die 10 Oktober 2017 kennisgewing, of soos gewysig;

(e) Dat die Raad die keuringspaneel bestaande uit die volgende persone goedkeur –

(i) Die Munisipale Bestuurder - mnr Joggie Scholtz (Voorsitter van paneel);
(ii) Die Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath (rdl P E Solomons, as sekundi);
(iii) Direkteur: Beplanningsdienste van ‘n buurmunisipaliteit, óf Drakenstein, Stellenbosch, Witzenberg of Mosselbaai;
(iv) Direkteur: Gemeenskapsdienste van ‘n buurmunisipaliteit, óf Drakenstein, Stellenbosch, Witzenberg of Mosselbaai;

(f) Dat daar kennis geneem word dat ‘n diensverskaffer deur die Munisipale Bestuurder aangestel sal word om te help met die werwing- en keuringsproses vir die aanstel van ‘n Direkteur: Ontwikkelingsdienste;

(g) Dat daar kennis geneem word van die prosesplan soos hierby aangeheg en dat dit as sulks goedgekeur word;

(h) Dat goedkeuring verleen word dat mnr Johan Steenkamp in ‘n mentorskaprol aangewend word na die aanstelling van sy opvolger, vir die oorblywende tydperk van sy kontrakperiode, onderhewig daaraan dat hy ook vir ander take, funksies en verantwoordelikhede aangewend word, soos en wanneer benodig.

7.8 KONTRAKTE MET TOEKOMSTIGE BEGROTINGSIMPLIKASIES: AANSTEL VAN WAARDEERDER BUITE DIE TERMYN VAN DIE 2018/21 MEERJARIGE BEGROTING (5/2/1)

Daar is op tender uitgegaan om ‘n diensverskaffer aan te stel vir die uitvoering van ‘n Algemene Waardasie en gepaardgaande Aanvullende Waardasies vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2024.

Artikel 33 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (MFMA) bevat wetlike bepalings wat gevolg moet word wanneer kontrakte met toekomstige begrotings-implikasies, buite die meerjarige begroting (MTREF), aangegaan word. Onder andere is ‘n publieke deelnameproses gevolg, maar geen kommentaar is vanaf die publiek of enige staatsinstelling ontvang nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

Ter uitvoering aan Artikel 33(c) van die MFMA word **AANBEVEEL DAT** –

(a) goedkeuring verleen word dat ‘n ooreenkoms van ses jaar gesluit word vir die aanstelling van Suid Kaap Waardeerders as Munisipale Waardeerder vir die tydperk 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2024, wat die volgende finansiële implikasies tot gevolg gaan hê as gevolg van die vereistes van die Plaaslike Regering Munisipale Eiendomsbelastingwet, 2004:

- R1,171,416.32 vir Algemene Waardasie (kostes reeds gedek in the nuwe MTREF)
- R1140.00 per dag – Voorbereiding vir Appèlraadsittings
- R4560.00 per dag – Bywoning vir Appèlraadsittings
- R300,000.00 + CPI per jaar vir Aanvullende Waardasies (kostes vir jare 1, 2 & 3 alreeds gedek in die nuwe MTREF met jare 4, 5 & 6 nie gedek nie)

(b) die Raad kennis neem dat die kostes vir jare 4 tot 6 (besonderhede onder 1(B)) nie wesenlik is as ‘n gemiddeld of individueel nie, en meer belangrik dat dit nie impakteer op tariefverhogings buite die koerse soos gekommunikeer gedurende die 2018/19 MTREF nie;

(c)/…

7.8/…

(c) kennis verder geneem word dat die Munisipale Bestuurder voldoen het aan die vereistes ingevolge Artikel 33 van die MFMA, en dat daar geen kommentaar van die publiek of enige staatsinstelling ontvang is nie;

(d) dat die Raad ook kennis neem dat al die vereiste voorsieningskanaalprosedures nagekom was;

(e) dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om alle kontrakte wat voortspruit uit die toekenning van die tender aan Suid Kaap Waardeerders te mag onderteken.

7.9 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND VERVREEMDING VAN ONROERENDE RESIDENSIëLE EIENDOMME TE RIVERLANDS 36 BEHUISINGSPROJEK (FASE 2) (12/2/B)

Daar is twee fases geskep onder die sg Riverlands 36 behuisingsprojek waar kwalifiserende okkupeerders ‘n individuele subsidie ontvang as deel van ‘n program van die Departement van Menslike Nedersettings om die eiendom te bekom. Gedurende fase 1 is 36 erwe oorgedra, maar kon die oorblywende 14 erwe as deel van fase 2 nog nie oorgedra word nie, aangesien die erwe nie gediens was nie.

Swartland Munisipaliteit het gedurende 2016/2017 finansiële jaar uit eie fondse die oorblywende 14 erwe van dienste voorsien en kan dit nou oorgedra word aan kwalifiserende okkupeerders.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat die 14 eiendomme in Riverlands, synde Fase 2 van die sg. Riverlands 36 behuisingsprojek, soos gelys in Aanhangsel B tot hierdie verslag, uit-die-hand vervreem word teen die reserwepryse soos aangetoon;

(b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat verkoop staan te word uit die staanspoor vir vervreemding vir behuisingsdoeleindes geoormerk is en in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geoormerk is nie;

(c) Dat die eiendomme slegs vervreem mag word aan hetsy die bestaande bewoners (mits hulle as eerstehuiskopers kwalifiseer) en aan kwalifiserende begunstigdes volgens die Riverlands-behuisingswaglys;

(d) Dat kennis geneem word dat ‘n mededingende proses in hierdie geval nie wenslik geag word nie, en dit as billik en regverdig beskou word om die eiendomme te vervreem aan die persone soos voormeld, om die behuisingsnood van behoeftige persone in die gemeenskap te help aanspreek;

(e) Dat die direktoraat Ontwikkelingsdienste (Behuisingsafdeling) getaak word om die betrokke begunstigdes by te staan om aansoek te doen vir subsidies onder die individuele behuisingskema van die Departement Menslike Nedersettings, en om leiding te bied aan diegene wat volgens hul inkomste om privaat finansiering sal moet aansoek doen, en dat daar – ter wille van deursigtigheid – ook met die betrokke behuisingskomitee gekonsulteer sal word.

7.10 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND VERVREEMDING VAN GEDEELTE VAN ERF 495, YZERFONTEIN (15/3/3-14)

‘n Aansoek is vanaf die eienaar van erf 115, Yzerfontein ontvang om ‘n gedeelte (groot 107 m²) van erf 495, Yzerfontein te bekom vir konsolidasie met erf 115 om parkering te skep. Die eienaar van erf 115, Yzerfontein bedryf ‘n hardewarewinkel.

Dit word as sinvol beskou om die betrokke gedeelte van erf 495, Yzerfontein aan die aangrensende eienaar te vervreem, aangesien die ligging en vorm van erf 495 van so ‘n aard is dat dit nie vir enige ander doel aangewend sal kan word nie.

7.10/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat ‘n gedeelte van Erf 495, Yzerfontein (±107 m²) uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra word aan Blue Moonlight 61 Pty Ltd vir konsolidasie met Erf 115, Yzerfontein, en wel ten bedrae van R535,00, BTW uitgesluit;

(b) Dat kennis geneem word dat gemelde grond nie vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie, aangesien die vorm daarvan nie sinvol sal bydra tot uitbreiding van die bestaande aangrensende strate nie, en daar ook nie enige behoefte is aan sodanige uitbreiding nie;

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om ‘n openbare mededingingsproses te deurloop:
  (i) Die betrokke grond as ‘nie-bestaanbare bate’ kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie op sy eie as ‘n afsonderlike entiteit ontwikkel kan word nie en slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan ‘n aangrensende eienaar vir gebruik tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;
  (ii) Die vervreemding daarvan vir die koper in staat sal stel om sy eiendom meer sinvol te ontwikkel en parkering te help skep;
  (iii) Weens die vorm daarvan, gemelde gedeelte van Erf 495 nie sinvol benut sal kan word om die aangrensende strate uit te brei nie, en die instandhouding en ontwikkeling van hierdie eiendom deur die koper vir die Munisipaliteit tot voordeel strek;

(d) Dat die transaksie onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:
  (i) Die koper sal, benewens die koopprys, verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkostes en die kostes wat verband hou met die relevante grondgebruiksaansoeke (straatsluiting, hersonering, opmeting, konsolidasie, ens);
  (ii) Geen ontwikkeling op die gemelde gedeelte grond, anders as parkering volgens die voorgestelde terrein uitlegplan toegelaat sal word nie;
  (iii) Straattoegang na die betrokke gedeelte nie vanuit die aangrensende strate na, maar slegs via Erf 115 geskep moet word;
  (iv) Aangesien die betrokke gedeelte tans ‘n gedeelte van die munisipale waternetwerk akkommodeer, die pypwerk en aanverwante kleppe deur die koper na die straat of sypaadjie verskuif sal moet word, tot bevrediging van die Siviele Ingenieursdepartement;
  (v) Daar van die raadsprokureur se dienste gebruik gemaak word om die verkoopooreenkoms op te stel en oordrag aan die koper te bewerkstellig;
  (vi) Enige voorgenome verbeterings op die gekonsolideerde eiendom sal moet voldoen aan die toepaslike grondgebruiksparameters, en bouplanne aan die Munisipaliteit voorgelê sal moet word ooreenkomstig die Verordening betreffende die Indien van Bouplanne (PK 56818 gedateer 22 Mei 2015);

(e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;

(f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van die koper bekom word dat hy tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem;

(g) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoopooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

7.11/...

7.11 KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISMEVERENIGING: HERNUWING VAN DIENSLEWERINGSOOREENKOMS (9/1/3/2/1)

'n Diensleweringsooreenkoms is aangegaan met die Kaapse Weskus/Swartland Toerismevereniging (STO) om die toerismefunksie namens die Munisipaliteit te verrig.

Die nuwe termyn van die ooreenkoms is vanaf 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019. Die ooreenkoms word slegs vir 'n jaar verleng om uitvoering te gee aan die kern prestasie-indikator (KPI) om die toerisme-besigheidsmodel te hersien. Die hersiening van die model het ten doel om (1) 'n meer effektiewe toerismefunksie in die Swartland te verseker, om (2) meer toeriste na die Swartland te lok en om (3) die Swartland te bemark as 'n uitstekende plek om in te belê of te vestig.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat die Diensleweringsooreenkoms met die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-vereniging gesluit word vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019, gebaseer op dieselfde voorwaardes as die huidige kontrak, onderhewig aan 'n verhoging van die paaiemente binne die bedrag (R766 656,00) soos goedgekeur in in die 2018/19 bedryfsbegroting;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die Diensleweringsooreenkoms namens die Raad te onderteken om die Raad se wetlike mandaat insake toerisme te volvoer.

7.12 OORNAME VAN BATES: WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT (2/1/1/2/1, 16/1/1/B)

Daar is reeds vantevore aan die Raad gerapporteer insake die aanstelling van die Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM), ingevolge 'n Artikel 78-ondersoek, as die Waterdienste Verskaffer deur middel van 'n diensleweringsooreenkoms om water te verskaf aan die betrokke B-munisipaliteite.

Weens verskeie redes, onder andere die WKDM se onvermoë om verdere lenings op te neem om die grootmaatwater infrastruktuur te onderhou, het die behoefte ontstaan om die Artikel 78-ondersoek te herhaal om te bepaal of die diens nie meer volhoubaar voorsien kan word deur middel van 'n alternatiewe meganisme nie.

Die Artikel 78-ondersoek is bykans gefinaliseer en word versoek om die diensleweringsooreenkoms met een (1) jaar te verleng om geleentheid te gee om die administratiewe aksies voortspruitend uit die ondersoek af te handel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die bestaande Diensleweringsooreenkoms met die Weskus Distriksmunisipaliteit, Bergriver en Saldanha, vir 'n verdere termyn van een jaar verleng word, met ingang vanaf 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die Derde Addendum tot gemelde Diensleweringsooreenkoms te mag onderteken.

GETEKEN:
SPEAKER